Downloaded from Stanmorephysics.com

education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## SEPTEMBER 2024

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
   | AFDELING B: | Opsomming | (10) |
   | AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die volgende tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

**WEN IS OOK NIE ALLES NIE**

1 Sport in die tradisionele sin van die woord word al hoe meer verdwerg deur die kommersialisering daarvan. Dit het ŉ bedryf geword, maar daar is steeds stories van hoop.

2 Sport soos wat ons vroeër geken het, bestaan nie meer nie. Nie net het die wenfaktor die maak-of-breek-faktor geword nie, maar sport en sportgeleenthede het in hul wese verander. Byna niks wat tradisioneel, gewoon of normaal was, bestaan meer nie.

3 Sport het *show business* geword. Op die afgelope Wêreldatletiekbyeenkoms in Boedapest is ons gebombardeer met ŉ verskeidenheid van karikature wat elkeen probeer om die hoofnar van die byeenkoms te wees. Daar was geen gebrek aan selfvertroue onder die atlete nie en selfvoldaanheid en arrogansie was aan die orde van die dag.

4 In rugbytoetse is daar deesdae onder andere gespierde krygers, fakkels wat afgevuur word, beroepsdansers, gaskunstenaars en oorverdowende musiek – baie ver verwyder van die dae toe die plaaslike klub sy spanlyste nog by die kafee in die middedorp opgeplak het en lemoenskywe rustyd bedien is.

5 Ooglopend hou baie sportondersteuners van sport in sy nuwe gedaante en so lank as wat dit gebeur, sal die *show business* en vermaak as deel van sport toeneem.

6 Sport het nie net ŉ professie en wetenskap geword nie, maar ook ŉ enorme bedryf. Sportweddenskappe het ŉ massiewe bedryf geword. Dit is deesdae ŉ goed geoliede masjien met groot geld op die spel. Mense maak ŉ loopbaan daarvan, wedstryde word wêreldwyd uitgesaai, en daar is ŉ magdom reëls wat alles op koers hou.

7 Hiervan is rugby ŉ uitstekende voorbeeld. Astronomiese bedrae geld en reusekontrakte word aan presterende sportmanne gebied. Maar waar het dit alles begin?

8 Dit het alles eintlik in 1823 begin by ŉ outjie, William Webb Ellis, wat aanvanklik met ŉ sokkerbal in sy hande laat spaander het – só lui die apokriewe storie. Die naam van die dorpie in Engeland waar William kwansuis die saadjie vir die sport geplant het, was niks anders as *Rugby* nie. Die storie dat William die een was wat die eerste tree van sokker na rugby geneem het, word betwis, want dit word aan hoorsê toegeskryf. Hoe dit ook al sy, die feite rondom rugby lewer heelwat interessanthede op.

Downloaded from Stanmorephysics.com



9 Aanvanklik was daar geen puntestelsel soos ons dit vandag ken nie – die wenner was bloot die eerste span wat die bal van enige plek op die speelveld met 'n skop tussen die pale kon deurstuur om so 'n doel te kry. Om die bal oor die ander span se lyn te plant, het nie punte getel nie – dit het jou bloot die geleentheid gegee om die bal daarna oor die pale te probeer skop. Die "try" het nie 'n punt getel nie; slegs 'n suksesvolle skop daarna tussen die pale deur. Mettertyd het die puntestelsel verander waar "tries" (drieë) ook begin tel het. In 1874 het 'n Engelse klub byvoorbeeld met 390-0 gewen. 'n Doelskop het 25 punte getel en 'n drie 10 punte! Met verloop van tyd is die puntestelsel aangepas soos ons dit tans ken.

10 In Augustus 1995 het die wêreld se rugbyowerhede aangekondig dat dié sport amptelik 'n professionele sport word en dat spelers voortaan betaal sou word. So het die era van beroepsrugby begin.

11 Ook skolesport het in sy wese getransformeer en is vandag iets heel anders as 20 jaar gelede. Al die werklikhede van beroepsport het na ons skole oorgespoel. Hierdie transformasieproses het natuurlik twee kante en is nie noodwendig net goed of sleg nie. Die groot aantal sportlui wat angstighede en emosionele probleme ontwikkel en selfs hul sportloopbaan op 'n jong ouderdom vaarwel toeroep, is egter kommerwekkend.

12 Wat wel bemoedigend is, is dat mooi sportstories geskryf word te midde van die kompeterende, kommersiële en professionele aard daarvan. Een so 'n storie was tydens 'n onlangse rugbywedstryd tussen twee vooraanstaande hoërskole. In die doodsnikke van die wedstryd druk die wenspan wéér om die telling 38-0 in hulle guns te laat tel. Die skopper van die verloorspan vra toe heel onverwags vir die wenspan of hy nie die doelskop vir hulle kan waarneem nie. Die skop was suksesvol. Onder luide applous dra die wenspan toe dié speler skouerhoog van die veld af. Hierdie wedstryd sal nie onthou word vir die telling nie, maar wel vir die skool se gebaar van lojaliteit en trots en dié merkwaardige gebaar van hierdie speler.

13 Daar is vele soortgelyke verhale wat kan getuig dat baie sportmanne en -vroue nog besef dat sport nie net die medium is tot ontspanning, deelname, kompetisie en wedywering nie, maar ook tot sportmangees, kameraderie en karaktervorming. Sulke stories definieer die ware aard van sport. Dit verryk die ruimte waarin spelers deelneem, bied goeie oefening en is iets wat ondersteuners en toeskouers wil sien, geniet en sal onthou.

14 Sport het onomkeerbaar verander. Hierdie dinamiese proses sal voortduur en soos wat atlete wedywer om beter en beter te word, sal die bedryf rondom sport wedywer om groter te word – heeltyd met nuutjies en truuks.

[Aangepas uit *Beeld,* 14 Sep. 2023 en *huisgenoot.com rugby,* Okt. 2023]

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Aangepas uit *Beeld*, 31 Oktober 2023]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Waarna verwys die kommersialisering van sport in paragraaf 1? (1)

1.2 Waarom kan die fokusverandering by sport in paragraaf 2 as ironies beskou word? (1)

1.3 Watter afleiding kan die leser uit die onderstaande sin in paragraaf 2 maak?

"Nie net het die wenfaktor die maak-of-breek-faktor geword nie, maar sport en sportgeleenthede het in hul wese verander." (1)

1.4 Sport kan 'n negatiewe invloed op sportlui se persoonlikhede hê. Bewys hierdie stelling uit paragraaf 3. (3)

1.5 Spreek jou uit oor die geslaagdheid van die woord "karikature" in paragraaf 3 en dui ook aan wat deur die woordkeuse geïmpliseer word. (2)

1.6 Herlees paragraaf 4 en 5.

Hoe sluit paragraaf 5 inhoudelik by paragraaf 4 aan? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.7 In paragraaf 6 word die stelling gemaak dat sport 'n professie en wetenskap geword het. Gee jou gemotiveerde mening of die stelling geregverdig is en wat voorspel dit vir amateurs se sporttoekoms? (2)

1.8 Gee VIER redes hoekom die aanname gemaak kan word dat sport 'n baie groot bedryf geword het. (4)

1.9 "So het die era van beroepsrugby begin." (paragraaf 10).

Waarna verwys "era"? (1)

1.10 Hoe het die transformasieproses skolesport beïnvloed? (1)

1.11 Herlees paragraaf 11.

Stem jy saam dat die transformasie van sport kommerwekkend is? Motiveer jou antwoord met bewyse uit die teks. (3)

1.12 Hoe weerspreek die eerste sin van paragraaf 12 die titel van die leesstuk? Bewys uit paragraaf 12 dat goeie sportmangees tog nog bestaan. (2)

1.13 Hoe verskil atlete se ingesteldheid teenoor sport van dié van die sportbedryf volgens paragraaf 14? (2)

**VRAE: TEKS B**

1.14 Watter visuele bewys is daar dat beide die man en vrou kan doen met 'n bietjie oefening? (1)

1.15 Watter TWEE beter opsies sou jy vir die man en vrou in TEKS B afsonderlik aanbeveel om gesond te bly? (2)

**VRAE: TEKS A en B**

1.16 Herlees paragraaf 13 van TEKS A asook TEKS B.

Watter redes vir die beoefening van sport (soos in TEKS A genoem) blyk uit die visuele teks? (3)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van **sewe voordele wat die "Co-Parent"-selfoontoep inhou.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**GEDEELDE OUERSKAP MET ŉ NUWE TOEP**

Volgens onlangse navorsing woon 46% van Suid-Afrika se kinders by net een biologiese ouer. Kommunikasie tussen ouers is dikwels uitdagend, omdat sulke ouers nie noodwendig goed met mekaar oor die weg kom nie en nou oor ŉ afstand moet saamwerk om die kind(ers) te versorg. Anneke Greyvenstein, ŉ direkteur van Social Justice, ŉ organisasie wat families help om geskille tussen betrokkenes vreedsaam op te los, het, met hulp, ŉ nuttige toep ontwerp om hiermee te help.

Anneke is al sedert 2006 betrokke by die bemiddeling tussen ouers. Sy verduidelik dat dié toep aan ouers ŉ platform bied waar hulle veilig kan kommunikeer. "Dit gaan nie altyd oor wat jy sê nie, maar hoe jy dit sê," verduidelik Anneke. Daarom lei die toep ouers wanneer hulle boodskappe tik. Daar is ŉ taalfilter, jy kan nie emoji's gebruik nie en ŉ termometer wat "warm" word, wys vir jou dat jy dalk moet heroorweeg hoe jy jouself uitdruk.

Onderhandelings gebeur net op die toep. Geen boodskappe of inligting kan verwyder of uitgevee word nie. Transkripsies van al die boodskappe wat gewissel is, kan aangevra word en, indien nodig, in hofsake gebruik word. Die toegang vir kinders tot hierdie onderhandelings is beperk en hulle kan nie die gesprekke tussen die ouers sien nie.

Buiten dat die toep help om onnodige konflik en misverstande te vermy, dien dit ook as ŉ hulpmiddel wanneer bemiddeling tussen ouers wel nodig is. Bemiddelaars, sielkundiges of maatskaplike werkers is altyd in die agtergrond vir ingeval hulle benodig word.

Die toep se kalenderfunksie maak dit maklik om kinders se kalenders te sinchroniseer. Ouers kan hierop die kind(ers) se buitemuurse aktiwiteite, doktersafsprake, oueraande en wanneer hulle by watter ouer bly, reël.

Verder kan ouers belangrike dokumente, soos mediesefondskaarte, afskrifte van paspoorte en geboortesertifikate hierop stoor sodat albei ouers maklik daartoe toegang het.

Spesiale geleenthede of oomblikke kan hierop gedeel word. Ouer kinders kan die toep gebruik om byvoorbeeld sportwedstryde of prysuitdelings met hul ouers te deel.

Laastens kan die toep ook gebruik word om uitgawes op ŉ deursigtige wyse te laai.

[Aangepas uit *Rapport Beleef,* 18 Junie 2023]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




9. **MOENIE TOELAAT DAT BEKOMMERNIS JOU PRET AAN BANDE LÊ**
10. **NIE – skakel ons sommer vandag nog vir 'n kwotasie.**

[Aangepas uit *Taalgenoot,* Winter 2022]

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAE: TEKS D**

3.1 Spreek jou uit oor die effektiwiteit van die gebruik van die akuutaksent in die opskrif. (1)

3.2 Word die woord kwesbaar (reël 3) denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. Spreek jou uit oor die geslaagdheid van hierdie woordkeuse. (2)

3.3 Die woord elektriese (reël 5 kolpunt 2) word as attributiewe byvoeglike naamwoord gebruik. Maak nou ŉ sin waarin dié woord as ŉ werkwoord in die verlede tyd gebruik word. (1)

3.4 Watter funksie het die visuele prikkels by reël 6, 7 en 8? (1)

3.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.5) en die letter (A–D) neer, bv. 3.5 E.

In reël 8 word die woord bril gebruik. Baie sprekers is geneig om die meervoudsvorm van die woord verkeerd te gebruik, bv. Hy dra brille. Wat word hierdie taalverskynsel genoem?

A Pleonasme
B Toutologie
C Analogie
D Anglisisme (1)

3.6 In reël 9 word die stelling gemaak dat bekommernis jou pret aan bande kan lê. Gee voorbeelde uit die advertensie wat hierdie stelling ondersteun. (2)

3.7 Skryf DRIE opeenvolgende woorde uit reëls 9 en 10 neer wat ŉ voorbeeld van oorredende taal is. (1)

3.8 Baie sprekers verwar dikwels die woord kwotasie (reël 10) met kwitansie. Maak nou ŉ verklarende sin met kwitansie. (1)

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

**MIENIE, MANIE EN KIE**

**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3**




**RAAMPIE 4** **RAAMPIE 5** **RAAMPIE 6**




[Uit: *Beeld,* 18 Mei 2022 en 16 Sep. 2023]

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAE: TEKS E**

4.1 Die woord wat Manie in RAAMPIE 1 skree, is emosiebelaai. Gee bewyse uit dié raampie dat sy liggaamshouding dit wat hy skree, ondersteun. (2)

4.2 Herlees RAAMPIE 2 en 3. Hoe verskil Manie en Mienie se houding teenoor sport? (1)

4.3 Skryf Manie se woorde in RAAMPIE 3 oor in die indirekte rede. Begin met: Manie sê ... (1)

4.4 Verduidelik die stereotipering wat in RAAMPIE 1-3 voorkom. (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.5) en die letter (A–D) neer, bv. 4.5 E.

In RAAMPIE 3 is Manie ...

A gefrustreerd.
B sarkasties.
C ongelukkig.
D teleurgesteld. (1)

4.6 Wat is die betekenis van die idiomatiese uitdrukking in RAAMPIE 5? (1)

4.7 Hoe beeld die spotprentkunstenaar uit dat Mienie in RAAMPIE 4-6 die magsposisie inneem? (1)

4.8 Wat lei die leser af uit Manie se woorde in RAAMPIE 6? (1)

4.9 Neem die kern van die woord rooikaart in RAAMPIE 6 en maak ŉ nuwe samestelling waar die kern nou as bepaler optree. Gebruik hierdie nuwe woord in ŉ verklarende sin. (1)

**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

## ’n Spesiale hemel vir staatsamptenare

*Karin Brynard*

1 Halfsewe op ’n Maandagoggend staan ek voor die (5.1) **toe** deure van Binnelandse Sake. Gou staan die ry ’n stuk of 60 man sterk.

2 Dis winter, donker en koud. Die windjie druk sy ysige snoet ongepoets onder jou jaspante in. (5.2) <u>Die koue sement vreet geniepsig deur ons skoensole.</u>

3 (5.3) **Vandag** is my soveelste (5.4) **keer** hier. Vorige kere is die ry vlak voor my neus afgekap, hulle was “vol” vir die dag of ek het vir ure in die verkeerde ry gestaan. Ook was die rekenaarstelsel *off-line.*

4 Ek staan gedweë en bibber. (5.5) <u>Ek trek ’n snaakse gesig vir ’n kleintjie wat my grootoog aangaap</u>. Sy oë rek verskrik. Ek laat staan. Daar is ook ’n stel veterane – (5.6) **kompleet met kampstoele, koerante en koffieflesse**. Ook ’n verveelde skoolseun – dalk vir sy eerste (5.7) ID vir die matriekeksamen. “Welkom in die grootmenswêreld,” dink ek leed-vermakerig.

5 Angs, aggressie, jaloesie, frustrasie, wrewel en wraak – dit beleef ek in hierdie rye.

6 Skielik is daar ’n roering in die tou. Dis nege-uur. ’n Deur het oopgegaan. ’n Dikke mevrou met ’n streng gesig kom uit en gee instruksies.

7 Teen (5.8) tienuur is ek binne. Hoopvol. Uiteindelik kry ek my paspoort.

8 Ek huppel na buite. Wêreld hier kom ek! Ek loer jubelend weer en my hart wil gaan staan. My naam, daar staan dit, swart op wit: Karin **Bruinhard**!

[Aangepas uit *Tuis*, Sep. 2021]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Gee die intensiewe vorm van “toe” in paragraaf 1. (1)

5.2 Brei die onderstreepte sin in paragraaf 2 met ’n bywoordelike bysin uit en onderstreep jou bysin. (1)

5.3 Watter klankverskynsel kan voorkom by die uitspreek van die woord “Vandag” in paragraaf 3? (1)

5.4 Gebruik die homoniem van “keer” in paragraaf 3 in ’n verklarende sin. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.5 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 4 oor in die lydende vorm. (1)

5.6 Dink jy die gebruik van die k-alliterasie in paragraaf 4 is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

5.7 Waarvoor staan die afkorting "ID" in paragraaf 4? (1)

5.8 In paragraaf 7 word "tienuur" as een woord geskryf. Maak nou ŉ sin waarin jy "tien uur" as twee woorde gebruik. (1)

5.9 Wat is die funksie van die skryfteken in paragraaf 8? (1)

5.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (5.10) en die letter (A–D) neer, bv. 5.10 E.

Die sin "Wêreld hier kom ek!" is ŉ voorbeeld van die ______ wyse.

A aanvoegende
B aantonende
C vraende
D gebiedende (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou